

22 Oktober

**Skrifgedeelte: Kolossense 1:1-6**  
**Fokusgedeelte: Kolossense 1:2-4**

**En laaste, maar nie die minste nie ... staan vas met gebed!**

“Volhard in die gebed ... en bid tegelykertyd ook vir ons ... ” So klink Paulus se “en laaste maar nie die minste nie”. In sy geval is dit egter nie so ’n terloopse laaste gedagte nie, maar ’n hoogtepunt waarop hy doelgerig afgestuur het. Dit het al begin met “soek die dinge daarbo” (3:1) ... “en dank God die Vader deur Hom” (3:17).

’n Toegewyde en gedissiplineerde gebedslewe is iets wat nie vanself kom nie. Selfs Jesus se versoek dat die dissipels saam met Hom moet waak (Matt. 26:38) het hulle nie gekeer om aan die slaap te raak nie. Gebed verg inspanning en dit maak mens moeg. Genadiglik het ons ’n Hoëpriester wat medelye het met ons swakhede (Heb. 4:15) en Hy help ons deur sy Gees om te volhard.

Een faset waarmee Hy ons help, is die “waak daarin met danksegging”. Om aan te hou vra, maak mens moeg, maar om aan te hou dank, gee krag. Dit mag selfs help om met oop oë te bid (wie waak met toe oë?) om in klein, alledaagse dingetjies God se goedheid raak te sien en te beleef.

Verder is daar ook die “tegelykertyd ook vir ons” wat ons help om te volhard. Wanneer ’n mens nie net vir jouself bid nie, maar deur jou gebede ook intens betrokke raak by die verspreiding van die evangelie, sal dit jou *volharding as getuie* voed.

Dink aan en bid vir dié wat nog bereik moet word en die verkondigers wat gestuur word. Pleit vir hulle onderhoud en beskerming. Bid dat die Heilige Gees aan hulle die regte woorde sal gee om die evangelie oor te dra en laaste, maar nie die minste nie, sal jy vind hoe God jou in jou gebedstoewyding laat groei.

*Sing: Psalm 36:2, 3 (2001)*

*Ds. JA Schutte (Sasolburg)*